

In die laaste dae het God deur die Seun gepraat (OP72)

Heb 1:1-2a

16 Januarie 2022

Laasweek het ons begin om na die boek Hebreërs te kyk. Ons het gesien dat die boek gerig is aan Joodse gelowiges wat alreeds vir 'n geruime tyd gelowiges was. In die verlede het hulle al suksesvol staande gebly tydens moeilike omstandighede, maar dit blyk nou dat hulle hulle entoesiasme verloor het en traag geword het in die geloof. Waarskynlik is hierdie traagheid toe te skryf aan die feit dat hulle druk ervaar van hulle Joodse volksgenote wat nie die Christelike geloof aangeneem het nie. Die benadering wat die skrywer volg is om hulle pertinent te wys op hulle traagheid en hulle te waarsku oor hoe katastrofiese die resultaat sal wees as hulle hierin volhard. Hy roep hulle op hulle moet seker maak almal volhard in die geloof. Hy wil hulle hierin aanspoor deur hulle op die hart te druk hoe heerlik hulle Verlosser, Jesus, is en hoeveel beter die Christelike geloof is teenoor die Joodse geloof. Boonop herinner hy hulle aan die sekerhede wat vasstaan as hulle tot die einde toe sou volhard. Dit was die oorsig oor die boek.

Vandag begin ons om na die detail van die boek te kyk. Heb 1:1-3 vorm 'n inleiding tot die boek. Alhoewel ek graag na aldie hierdie verse sou wou kyk, is hier net te veel om oor te besin, en ons gaan vandag net stilstaan by die eerste sin van die boek: "In die verlede het God baiekeer en op baie maniere met ons voorvaders gepraat deur die profete, maar nou, in hierdie laaste dae, het Hy met ons gepraat deur die Seun" (Heb 1:1-2a, OAV vers 1). Kom ons wees nou maar eerlik: die skrywer laat nie gras onder sy voete groei nie – hy val direk met die deur in die huis met 'n aangrypende stelling. Onthou die doel van die skrywer: hy wil juis demonstreer hoeveel heerliker die inhoud van die Christelike geloof is in vergelyking met die Joodse geloof. Daarom begin hy deur te verwys na dit waarop die Joodse geloof gebaseer is: God se spreke met die voorvaders in die verlede. Maar direk daarna gaan hy voort om te verwys na die basis van die Christelike geloof – dit is die spreke van God deur die Seun.

Ek wil hierdie openingstelling oordink onder die volgende drie punte: (1) God praat (2) Twee eras waarin God gepraat het: in die verlede en in die laaste dae, en (3) Twee maniere waarop God gepraat het: deur die profete met die voorvaders en deur die Seun met ons. Daarna gaan ons na 'n paar implikasies kyk.

God praat

Duidelik is God die handelende party in die stelling: Dit is God wat praat. God het in die verlede gepraat en God het ook in die laaste dae gepraat. En let ook op dat die handeling waarmee God besig is, is: Hy praat. Ek vertrou dit is nie nuus vir ons nie. Immers weet ons almal dit word alreeds in Gen 1 duidelik – God het geskep deurdat Hy gepraat het. Maar ek wil jou herinner hoe 'n groot wonder dit is dat God praat. Gestel God het nie gepraat nie. Dan sou ons nie geweet het Hy is die Skepper nie. Ons sou nie geweet het daar is 'n God nie. Ons sou soos baie filosowe en natuurwetenskaplikes van ons tyd gewees het wat alhoewel hulle God nie wil erken nie, tog moet erken uit alles wat hulle sien dat daar "iets of iemand" is wat agter alles aan die werk is. Hulle het allerlei name daarvoor: "first cause" of "mother nature". Die wonder is egter dat God ons nie in die duister gelaat het nie, nee, Hy praat. Dit is deurdat Hy praat dat Hy homself bekend maak. Dit is hoe ons Hom leer ken. Dit is hoe ons leer wat Hy doen. Dit is hoe ons leer waar alles vandaan kom. Dit is hoe ons leer waarheen alles op pad is – want God praat.

Die vraag is nou egter: hoe praat God? Hy is tog onsienlik, Hy is Gees, Hy is gans anders, Hy is ver verhewe bo die ganse heelal. Ons, daarenteen, is mense van vleis en bloed, ons is beperk tot die fisiese skepping, ons het beperkte verstand, ons het beperkte sintuie. Wel God weet dit. Daarom praat Hy met ons. Ja, maar hoe praat Hy? Wel, in die verlede het God deur die profete gepraat, en in die laaste dae het Hy deur Sy Seun gepraat.

Twee eras waarin God gepraat het: in die verlede en in die laaste dae

Die Hebreërskrywer onder leiding van die Heilige Gees onderskei dat daar twee periodes is waarin God gepraat het. Daar is “die verlede” en “die laaste dae”. Die NAV sê in vers 2a “maar nou, in hierdie laaste dae”. Die OAV praat net van “hierdie laaste dae”. Duidelik is die laaste dae die dae waarin die Hebreërskrywer skryf. Waarskynlik is die Hebreërboek iewers tussen 50 en 70 na Christus geskryf, miskien kan ons selfs sê tussen 60 en 70 na Christus. Dit was dus toe reeds “die laaste dae”. Die wentelpunt tussen “die verlede” en die “laaste dae” is natuurlik Jesus se koms – dit is hoekom die skrywer sê in die laaste dae het God deur die Seun gepraat. Kyk na Gal 4:4 – hier word gesê dat Jesus gekom het in die “volheid van die tyd” (OAV, NAV het dit vertaal met “die tyd wat God daarvoor bepaal het”). Die tyd was vol toe Jesus gekom het, en daarom is die tyd met en na Sy koms “die laaste dae”.

Die punt is daar is twee eras waarin God gepraat het en Homself bekend gemaak het: “in die verlede” voor Jesus se koms, en “in die laaste dae” met en sedert Jesus se koms.

Natuurlik strook dit ook met die samestelling van die Bybel: God se openbaring “in die verlede” is vir ons opgeteken in die Ou Testament, terwyl God se openbaring “in die laaste dae” vir ons opgeteken is in die Nuwe Testament. Ons weet ook dat die woord “Testament” dieselfde is as “Verbond”. As die skrywer dus van twee eras praat waartydens God gepraat het, dan beteken dit dat dit hand aan hand gaan met twee verbonde: In die verlede het God gepraat deur die Ou Verbond/Testament, en in die laaste dae het Hy gepraat deur die Nuwe Verbond/Testament. Soos wat ons in Hebreërs vorder, gaan ons nog heelwat oor die Nuwe versus die Ou Verbond praat.

Die Jode, wat nou soveel druk op die Hebreërgelowiges plaas, hou vas aan slegs die Ou Verbond, m.a.w. aan dit wat God in die verlede gesê het. Maar die skrywer wil hierdie gelowiges daarop wys dat bo en behalwe dit wat God in die verlede gesê het, het God in die laaste dae ook gepraat. En sy doel in die boek is om vir hulle uit te wys dat dit wat God in die laaste dae gesê het is soveel ryker as wat God in die verlede gesê het – en daarom moet hulle nie nou hulle Christelike geloof opgee nie. Maar let op: die skrywer ontken vir geen enkele oomblik dat God in die verlede, in die Ou Verbond, in die Ou Testament gepraat het nie. Hy suggereer geensins dat wat God daar gesê het nie van betekenis was nie. Trouens, sy argument later in die boek gaan herhaaldelik terugkeer na die openbaring van God in die Ou Testament en dan gaan hy telkens wys hoe wat God daar gesê het, voorbereidend was vir wat God in die laaste dae in die Nuwe Testament gesê het. Dit is een en dieselfde God wat in albei aan die Woord is, en alhoewel die een “oud” is en die ander een “nuut”, is daar baie raakvlakke, trouens hy gaan juis die punt maak dat die “nuwe” logies ontwikkel of voortvloei vanuit die “oue”.

Ons het vroeër die vraag gevra: Hoe praat so ‘n groot God met nietige mense en maak tog seker dat Hy effektief met hulle kommunikeer? Die antwoord is: Hy praat in twee eras. Hy praat eers in die een era, en dan ontwikkel dit deurdat die volle implikasies van wat God in die eerste era gesê het in die tweede era duidelik word. Omdat mense die eerste era vir ‘n wyle beleef het, kan hulle nou maklik snap wat die implikasies daarvan is soos wat dit in die tweede era uitwerk. En die oproep van die skrywer is dat Hebreërgelowiges tog nie nou moet terugdraai na die Joodse geloof toe nie – want

hulle ignoreer hulle juis die inhoud van die tweede era waarin God gepraat het – dit sou tragies wees hulle net by die voorbereidingsera vashaak, en nie die vervulling in die laaste dae wil raaksien nie.

Twee maniere waarop God gepraat het: deur die profete met die voorvaders en deur die Seun met ons

Ons lees dat daar twee paaie is waarvolgens God gepraat het: In die verlede deur die profete met die voorvaders, en in die laaste dae deur die Seun met ons. Al die vertalings wat ek na gekyk het, gebruik die woord “deur” (deur die profete, deur die Seun), terwyl al die kommentare wat ek gebruik aandui ‘n beter vertaling sou wees “in”. Ek moet hulle meerdere kennis respekteer. As God “in” die profete praat, is dit vir ons bevestiging van hoe God se inspirasie van die Bybelskrywers gewerk het: God het deur Sy Heilige Gees in hulle gewerk – dit beteken die Heilige Gees was in hulle harte, verstande, het hulle tonge gestuur en ook dit wat hulle met hulle hande geskryf het. Ons lees ook dat God in die verlede deur die profete met die “voorvaders” gepraat het. Hierdie “voorvaders” is natuurlik die Ou Testamentiese volk, of soos wat Luk 1:55 hulle beskryf as “Abraham en sy nageslag”.

Ons lees dat God baie keer deur die profete gepraat het. Dit klop natuurlik met wat ons in die Ou Testament vind: God het baie keer deur baie verskillende persone met Sy volk gepraat – dink maar aan Abraham, Moses, Dawid, Natan, Jesaja, Jeremia, Esegïël en nog baie ander. God het ook op baie maniere gepraat: soms direk soos met Moses, soms deur visioene soos met Esegïël, soms deur handeling wat die profete moes uitvoer, bv Esegïël, soms deur historiese gebeurtenisse soos bv die woestyntog of die ballingskap, soms deur simbole soos die tabernakel of die offerdiens, soms in poësie soos in die Messiaanse Psalms, soms deur tipes soos Moses of Aäron, en daar is sekerlik nog meer. In die res van die Hebreërboek gaan die skrywer herhaaldelik voorbeelde van sulke maniere waarop God in die verlede gepraat het, neem en dan wys hoe dit vooruit gewys het na die laaste dae, en veral hoe dit vervul is in die Seun. So wil hy juis onderstreep dat God se praat in die verlede voorbereidend was om die volle implikasies van God se praat in die laaste dae te verstaan.

Lees Mal 3:1. Hier is ‘n uitspraak van God deur een van die laaste profete wat in die verlede gepraat het. Hy sê dat Hy ‘n boodskapper gaan stuur om die pad reg te maak voor die Here, dit is Jesus, sal kom. Die boodskapper waarna Hy verwys is natuurlik Johannes die Doper. Maar let op hoe Jesus beskryf word: As die Verbondsengel (NAV), oftewel die Engel van die verbond (OAV). Ons het hierbo al gesien dat die verbond wat ons in gedagte moet hê die Nuwe Verbond is, wat vloei uit die Ou Verbond. Maar hoekom word Jesus die “Engel” van die verbond genoem? ‘n Engel is natuurlik ‘n boodskapper. Jesus is dus die boodskapper wat die Nuwe Verbond gaan bekend maak. Dit pas met Heb 1:2a wat sê in die laaste dae, m.a.w. as Jesus kom wat die boodskapper van die verbond is, gaan God deur Hom praat. Wat kan ons verwag gaan die inhoud wees van wat die Seun gaan sê? Natuurlik die nuwe verbond! Natuurlik is dit, onder andere, wat Jesus kom doen het:

- Joh 1:18 – Jesus het as die eniggebore Seun van die Vader juis die Vader kom bekend maak
- Joh 15:15 – Jesus het juis gekom om alles wat Hy van die Vader gehoor het aan Sy dissipels bekend te maak
- Joh 14:26 – die Heilige Gees sal kom en die dissipels herinner aan wat Jesus gesê het, maar Jesus het gesê wat die Vader wil, daarom sal die Heilige Gees hulle dus ook herinner aan wat die Vader gesê het.
- Gal 1:11-12 – Jesus het selfs aan Paulus die evangelie verkondig, en die evangelie is basies dieselfde as die nuwe verbond.

Jesus het dus gekom as die Engel van die Verbond en deur Hom het God die nuwe verbond aangekondig – God het dus deur Hom gepraat. Maar Jesus is terselfdertyd nie net die Engel wat die

boodskap van die Nuwe Verbond kom aankondig het nie, Hy is self ook die inhoud van die Nuwe Verbond.

- Joh 1:1-5 – Jesus is die bron van lewe
- Joh 14:6 – Jesus is die weg, die waarheid en die lewe, niemand kan na die Vader kom behalwe deur Hom nie
- 1 Kor 11:25 – Jesus se bloed het die nuwe verbond beseël, dit ‘n werklikheid gemaak.

Duidelik is Jesus die fokus van die nuwe verbond. Nie net is Hy die Een deur wie God in die laaste dae gepraat het nie, maar Hy is ook die inhoud van die boodskap. Selfs as die apostels later in die Nuwe Testament skryf, skryf hulle van Jesus as die gekruisigde.

Kom ons kyk nou na die struktuur van Heb 1:1-2a. Die skrywer wys twee maniere uit waarop God gepraat het: (1) “In die verlede” vs “in die laaste dae”, (2) “met ons voorvaders” vs “met ons”, en (3) “deur die profete” vs “deur die Seun”. Wat egter opvallend is, is dat God in die verlede baie keer en op baie maniere gepraat het. Dit lyk of daar nie die ekwivalent vir hierdie stelling is in die tweede manier waarop God gepraat het nie. Kan ek twee opmerkings hieroor maak:

- Wat is die implikasie daarvan dat God in die verlede baie keer en op baie maniere gepraat? Wel, 1 Pet 1:10-11 gee vir ons insae hierin: Alhoewel die profete deeglik ondersoek ingestel het, alhoewel hulle onder die leiding van die Gees gewerk het, alhoewel hulle aangekondig het dat Christus sou kom, kon hulle net eenvoudig nie alles mooi begryp en verduidelik nie. Boonop het elkeen maar net ‘n stukkie van God se openbaring bekend gemaak. Hulle moes wag vir die laaste dae om te kom, dat God deur Jesus kon praat, sodat alles wat deur verskillende profete gesê is, in plek sou val en die geheel duidelik sou word. In Pink se kommentaar beskryf hy wat ‘n sekere Saphir hieroor geskryf het. Saphir het 7 aspekte uitgewys waar dit wat God deur die profete gesê het kort geval het van wat God deur die Seun gesê het:
 1. Daar was baie profete – maar daar was net een Jesus deur wie God gepraat het. Selfs as die Heilige Gees getuig, getuig Hy in lyn met Jesus en die Vader
 2. God het op baie maniere met die profete gepraat – maar al die verskillende maniere het in Jesus bymekaar gekom
 3. Die profete was steeds sondaars met gebrekkige vermoëns en insig – maar die Seun is die volmaakte Seun van God
 4. Heilige Gees moes voortdurend opnuut in die profete werk – terwyl die Heilige Gees en Jesus in perfekte harmonie optree
 5. Die profete het nie altyd die volle implikasies van hulle boodskap verstaan nie – Jesus werk in perfekte harmonie met die Vader en ken die Vader intiem
 6. Die profete het nie die geheel van God se openbaring in detail verstaan nie – Die Seun het perfekte insig in die wil van die Vader
 7. Die profete was nie self die lig nie, maar het net daarvan getuig (dink aan Johannes die Doper) – Jesus is die Lig waarvan Hyself ook getuig het

Verstaan jy die punt van die skrywer? God het in die verlede gepraat. Dit was alles voorbereiding vir wanneer God deur die Seun sou praat. Toe Hy deur die Seun gepraat het, het dit wat die profete gesê het presies in plek geval. Daarom sal die gelowiges ‘n fout maak om nou te wil terugkeer na net die voorbereidingsperiode, terwyl die vervulling deur die Seun intussen gekom het.

- In verse 2b-3 (en selfs in die res van die boek) gaan die skrywer uitbrei oor hoe God baie keer en op baie wyses deur die Seun praat. Hy gaan wys hoe heerlik die Seun is. Daardie een en 'n halwe vers is 'n absoluut duiwelingswekkende beskrywing van die Seun – waarna ek hoop ons volgende week sal kyk.

Implikasies

Ek is oortuig dat die inhoud van vers 1-2a het verreikende implikasies vir gelowiges:

- Wat God in die verlede deur die profete gesê het, is grotendeels vervul in die koms van die Seun en wat God deur Hom gesê het. Dit beteken die Seun is die fokuspunt van wat God gesê het. Daar is tans 'n siening dat alle godsdienste eintlik maar dieselfde God aanbid. Dit is in stryd met Heb 1:1-2a – in die laaste dae het God spesifiek deur die Seun gepraat. Net Jesus is die weg, die waarheid en die lewe, niemand kan na die Vader kom behalwe deur Hom nie.
- Uit hierdie verse is dit duidelik dat daar twee eras is van God se openbaring aan die mensdom: “in die verlede” en “in die laaste dae”. Ons het ook gesien dat die openbaring in die eerste era oorloop in vervulling in die tweede era. Dit is hoekom die Bybel in twee dele gedeel is: die Ou Testament en die Nuwe Testament. Daar is egter 'n siening by baie Christene dat God in 'n hele verskeidenheid dispensasies of eras werk. Dit word “dispensationalism” genoem en kom wyd voor. Daar is verskillende vorms van dispensationalism. Die mees ontwikkelde sisteem sê God werk in 7 dispensasies: (1) Vry wil, Gen 1-3, tot sondeval (2) Gewete, Gen 3-8, tot Noag (3) Regering, Gen 9-11, toring van Babel (4) Belofte, Gen 12-Eks 18, Abraham tot voor Sinai (5) Wet, Eks 19-Johannes, (6) Genade, Handeling-Op 19 (7) Koninkryk, Op 20, Duisendjarige vrederyk en daarna kom die Nuwe hemel, aarde en Jerusalem. Ek hoop dit is duidelik dat Heb 1:1-2a praat van slegs twee eras, nie sewe nie. En die twee eras waarvan gepraat word stem ooreen met die twee dele waarin die Bybel verdeel word. Ek kan my glad nie vereenselwig met die konsep van dispensationalism nie. Ek dink dit werk teen die verbondsbeginnsel wat baie duidelik as lyn deur die Bybel loop, en ook teen wat in verse 1-2a gesê word.
- Let op in vers 2a word gesê God het in die laaste dae met ons deur die Seun gepraat – die verlede tyd word gebruik. Voeg hierby wat ons in Op 22:18 lees dat niks bygevoeg mag word by wat God geopenbaar het nie, dan begin dit duidelik word hoekom ons oortuig is dat die Skrif afgesluit is. God het klaar gesê wat Hy wou sê. Ja, daar is baie meer wat God sou kon sê, maar dit is al wat God aan ons wou sê. Daar is egter baie gelowiges wat oortuig is dat God steeds met die mensdom praat deur sogenaamde profesieë. Veral in charismatiese kringe is dit gewild. Dit is in stryd met hierdie verse: In die verlede het God deur die profete gepraat, en in die laaste dae deur die Seun. En dit is al wat God in sy spesifieke openbaring aan die mensdom gekommunikeer het.
- Daar is 'n siening onder Christene dat die Ou Testament afgehandel en uitgedien is en dat daar geen noodsaak is vir Christene om dit te bestudeer nie. Dit is in stryd met Heb 1:1-2a. Dit is God wat in die Ou Testament gepraat het – daarom is dit steeds relevant. God het in Sy wysheid besluit dit sal 'n effektiewe manier wees om met die mensdom te kommunikeer deur eers aan hulle die skadubeelde te gee deur die profete, en daarna aan hulle die volle prentjie te wys soos dit vervul is deur Sy Seun. Ons durf nie slimmer as God wees nie, en moet ons dus ook in die Ou Testament verdiep om sodoende die Nuwe Testament beter te begryp en beter te waardeer.

Sien jy hoe verreikend hierdie eerste stelling in die boek Hebreërs is? Dit maak dit duidelik dat enige nie-Christelike godsdiens 'n valse godsdiens is. Dit bevraagteken ernstig die dispensational interpretasie wat deur baie (indien nie die meeste nie) Christene ondersteun word. Dit bevraagteken die praktyk van voortdurende profesieë wat so algemeen in charismatiese kringe na vore kom. Dit bevraagteken die laksheid wat daar by baie Christene is om die Ou Testament in diepte te bestudeer.

Trouens, die skrywer sal voortgaan in die volgende verse (en in die res van die boek) en vir ons wys hoe heerlik die Seun is wat so lank vooruit voorspel is. Maar as jy dit werklik wil begryp, gaan jy alles wat God gesê het moet bestudeer, selfs wat God in die verlede deur die profete gesê het. Maar een ding is seker: as jy dit gedoen het, is die resultaat eenvoudig duiwelingswekkend: Jy sal die Seun sien soos jy Hom nog nie vantevore gesien het nie! Mag die Here ons by daardie punt bring!